PRINSLOO PROPERTY MANAGEMENT Pty(Ltd)
Reg. No. 2017/304399/07
11 MEYER STREET•MOSSEL BAY
P.O.Box 567•MOSSEL BAY•6500
Tel: (044) 691 3054•Fax: (044) 691 1520
info@status-mark.co.za
www.status-mark.co.za
TRADING as Status-Mark (Mossel Bay)

NOTULE/MINUTES

BLUE RIDGE HEV (101)

NOTULE VAN 'N AD-HOC TRUSTEE VERGADERING VAN BLUE RIDGE HEV WAT GEHOU IS OP 2026/05/28 OM 11H00 OP PERSEEL

MINUTES OF AN AD-HOC COMMITTEE MEETING FOR BLUE RIDGE HOA THAT WAS HELD ON 2026/05/28 AT 11H00 ON SITE

1	**Konstituering**	**Constitution**	
	Eerste vergadering na die AJV en 2 nuut gekose - 1 herkies (Pieter Boshoff) en 1 nuut verkies (Wayne Keppler) trustees is teenwoordig sowel as vyf trustees wat tweede jaar van 2-jaar termyn begin. Die vergadering is dus behoorlik saamgestel en kan voortgaan. Vergadering gaan slegs 'n paar dringende items aanspreek en sal dus nie die volledige agenda van die maandelikse vergaderings volg nie.	First meeting after the AGM and 2 newly elected - 1 re-elected (Pieter Boshoff) and 1 newly elected (Wayne Keppler) trustees are present as well as five trustees starting second year of 2-year term. The meeting is therefore properly constituted and can proceed. The meeting is only going to address a few urgent items and will therefore not follow the full agenda of the monthly meetings.	
2	**Verwelkoming**	**Welcoming**	
	Arrie van Huyssteen, as vorige voorsitter, heet almal welkom en open die vergadering.	Arrie van Huyssteen, as previous chairman, welcomes everyone and opens the meeting.	
3	**Teenwoordig & verskoning**	**Present & Apologies**	
	Teenwoordig: Arrie van Huyssteen (AvH) Pieter Boshoff (PB) Wayne Keppler (WK) Leon Neveling (LN) Eric Potgieter (EP) Brenda Coetzee (BC) Hein Radley (HR) **Verskoning:** Erna Andrews (PPM)	**Present:** Arrie van Huyssteen (AvH) Pieter Boshoff (PB) Wayne Keppler (WK) Leon Neveling (LN) Eric Potgieter (EP) Brenda Coetzee (BC) Hein Radley (HR) **Apologies:** Erna Andrews (PPM)	
4	**Bevestiging van Agenda**	**Confirmation of Agenda**	
	1. Aanstelling van Trustees in verantwoordelikhede	Appointment of Trustees to Responsibilities	

	2. e-Stemming vir getal honde per huishouding in Gedragsreëls 3. Goedkeuring van vorige notules 4. Mangate vir veselnetwerk 5. Randstene vir blombeddings 6. Beskermende toerusting vir Killer 7. Instandhouding van Bestuursgebou 8. Blindings vir Bestuursgebou 9. Vervanging van CCTV kamera 10. Brief aan BR101 rakende fibre infrastruktuur wat beskadig is. 11. Sub-Komitee om bekommernis van Mnr Steyn en Mnr Haumann aan te spreek 12. Bank resolusie	e-Voting for number of dogs per residence in Conduct Rules Approval of previous minutes Manholes for fibre network Pavers for flowerbeds PPE for Killer Maintenance of Management Building Blinds for Management Building Replacement of CCTV camera Letter to BR101 relating to the fibre infrastructure that has been damaged. Sub-Committee to address issues raised by Mr Steyn and Mr Haumann Banking resolution	
4.1	**Aanstelling van Trustees in verantwoordelikhede**	**Appointment of Trustees to Responsibilities**	
	Die vergadering stem saam dat verantwoordelikhede waar moontlik in plek bly om kontinuïteit te verseker. ‘n Voorstel word ook gemaak dat ‘n Onder-Voorsitter aangewys word as ‘n praktiese reëling indien Voorsitter nie beskikbaar is nie. Die voorstelle word eenparig aanvaar met die gevolg dat die volgende verantwoordelikhede in plek bly met slegs die Bou-Komitee verander: Voorsitter: A. van Huyssteen Onder-Voorsitter: H. Radley Tesourier: B. Coetzee Sekretaris: A van Huyssteen Bou-Subkomitee: L. Neveling, W. Keppler Sekuriteit: H. Radley Tuine en algemene instandhouding: E. Potgieter Ringmuur: P. Boshoff Ander dringende aspekte soos waterlekke, elektrisiteit onderbrekings, ens. sal deur enige Trustee wat op daardie oomblik beskikbaar is aangespreek word.	The meeting agrees that responsibilities remain in place where possible to ensure continuity. A proposal is also made to appoint a Vice Chairman as a practical arrangement should the Chairman not be available. The proposals are unanimously accepted with the result that the following responsibilities remain in place with only the Building Committee changed: Chairperson: A. van Huyssteen Vice Chairman: H. Radley Treasurer: B. Coetzee Secretary: A van Huyssteen Bou Subcommittee: L. Neveling, W. Keppler Security: H. Radley Gardens and general maintenance: E. Potgieter Boundary fence: P. Boshoff Other urgent aspects such as water leaks, electricity outages, etc. will be addressed by any Trustee available at that moment.	
4.2	**e-Stemming**	**e-Voting**	
	Daar was ‘n oorsig met die stembrief by die pas afgelope AJV rakende die voorstel om die hoeveelheid honde per woning vanaf twee na een te verminder. Die trustees keur die bewoording goed en AvH sal die e-stem uitstuur voor die einde	There was an oversight with the ballot at the just-concluded AGM regarding the proposal to reduce the number of dogs per dwelling from two to one. The trustees approve the wording and AvH will send the e-vote out before the	**AvH**

	van die dag en dit sal oop bly tot 17:00 op die 3de Junie. Die Gedragsreëls sal dan daarvolgens opgedateer word.	end of the day, and it will remain open until 17:00 on the 3rd of June. The Rules of Conduct will then be updated accordingly.	
4.3	**Goedkeuring van Notules**	**Approval of Minutes**	
	Die notules van die vorige geskeduleerde vergadering en die notule van die ad hoc vergadering ter voorbereiding van die AJV word goedgekeur.	The minutes of the previous scheduled meeting and the minutes of the ad hoc meeting in preparation for the AGM are approved.	
4.4	**Vesel mangate**	**Fibre manholes**	
	Baie van die mangate se deksels sit vas en die koppelings om die deksels af te haal is gebreek. LN stel voor dat 'n klompie deksels van staal vervaardig word om deksels te vervang waar nodig. EP sal 'n kwotasie kry by staalwerke.	Many of the manhole covers are stuck and the couplings to take the covers off are broken. LN suggests that a number of covers be made of steel to replace covers where necessary. EP will get a quote at steelworks.	**EP**
4.5	**Randstene vir Blombeddings**	**Curbs for flowerbeds**	
	EP versoek toestemming vir die aankoop van stene en sand om die projek klaar te maak. Daar is begroot daarvoor en die trustees keur die versoek goed.	EP requests permission to purchase pavers and sand to complete the project. It was budgeted for and the trustees approve the request.	**EP**
4.6	**PBT vir Killer**	**PPE for Killer**	
	EP versoek toestemming om toerusting vir Killer aan te koop soos begroot en trustees keur goed.	EP requests permission to purchase equipment for Killer as budgeted and trustees approve.	**EP**
4.7	**Bestuursgebou**	**Management Building**	
	Daar is ook begroot om 'n paar klein instandhoudings te doen aan die gebou en EP kry toestemming om voort te gaan soos begroot.	It has also been budgeted to do some minor maintenance to the building and EP is given permission to proceed as budgeted.	**EP**
4.8	**Blindings in Bestuursgebou**	**Blinds in Management Buildings**	
	BC sal die kwotasies hernu en 'n besluit sal dan geneem word rakende die soort blinding en/of tinting wat gedoen sal word soos begroot.	BC will renew the quotes, and a decision will then be made regarding the type of blind and/or tinting that will be done as budgeted.	**BC**
4.9	**Foutiewe CCTV kamera**	**Faulty CCTV camera**	
	Een van die cctv kameras is foutief en moet vervang word. Trustees bevestig dat HR kan voortgaan om dit te laat doen soos begroot.	One of the cctv cameras is faulty and needs to be replaced. Trustees confirm that HR can continue to have it done as budgeted.	**HR**
4.10	**Beskadigde vesel-infrastruktuur**	**Damaged fibre infrastructure**	
	HR rapporteer dat daar skade aan die pyp waarin die vesel geïnstalleer is by BR101 aangerig is en dat dit dringend herstel moet word om te verhoed dat die vesel self ook beskadig word. Skrywe sal aan eienaar gerig word.	HR reports that there was damage to the pipe in which the fibre was installed at BR101 and that it urgently needs to be repaired to prevent the fibre itself from being damaged as well. Writing will be addressed to owner.	**SM**

4.11	**Sub-Komitee vir grensmure**	**Sub-Committee for boundary fences**	
	Daar was ‘n bekommernis gelug by die AJV rakende die grensmure wat nie op die regte plekke staan nie en in sommige gevalle gevaarlik is. Alhoewel die Ringmuur Beleid aanvaar is het die trustees onderneem om ‘n sub-komitee aan te stel wat inwoners en kenners sal insluit om die bekommernisse aan te spreek. Die trustees wat betrokke sal wees is Piet Boshoff, Leon Neveling en Wayne Keppler. Jaco du Plessis, Marina Nieman en Gerrie Germishuysen sal genader word as Lede. Mnr Haumann en Mnr Steyn sal genader word vir gedetailleerde insette maar die trustees voel dat daar ‘n direkte konflik van belang is en hulle behoort nie direk op die sub-komitee te dien nie. ‘n Aanvanklike assessering sal gedoen word met die insette van veral Mnre Haumann en Steyn. Indien dit blyk dat verdere insette nodig is van professionele spesialiste soos landmeters en ingenieurs, sal dit oorweeg word, maar as dit slegs op aandrang van een of twee lede is en die kostes blyk onnodig te wees aan die einde, sal die lede daarvoor aanspreeklik gehou word.	There was a concern raised at the AGM regarding the boundary walls not standing in the right places and in some cases dangerous. Although the Ring Wall Policy was adopted, the trustees undertook to appoint a sub-committee that would include residents and experts to address the concerns. The trustees who will be involved are Piet Boshoff, Leon Neveling and Wayne Keppler. Jaco du Plessis, Marina Nieman and Gerrie Germishuysen will be approached as Members. Mr Haumann and Mr Steyn will be approached for detailed input, but the trustees feel that there is a direct conflict of interest and they should not serve directly on the sub-committee. An initial assessment will be done with the input of Messrs Haumann and Steyn in particular. If it appears that further input is needed from professional specialists such as surveyors and engineers, this will be considered, but if it is only on the insistence of one or two members and the costs appear to be unnecessary at the end, the members will be held accountable.	**PB** **LN** **WK**
4.12	**Bank Resolusie**	**Banking Resolution**	
	Daar word besluit dat Lize-Mari Uys van Prinsloo Property (Pty) Ltd Management gemagtig word om alle banksake namens Blue Ridge te hanteer.	It is decided that Lize-Mari Uys from Prinsloo Property (Pty) Ltd Management may manage all banking matters on behalf of Blue Ridge.	
5	**Datum van volgende vergadering**	**Date of next meeting**	
	Datum van volgende vergadering sal bepaal word vir Junie. Met geen verdere sake nie verdaag die vergadering om 13:00.	Date of next meeting will be set for June. With no further business, the meeting adjourned at 13:00.	
	Goedgekeur / Approved 2026/07/17		